

ST. GILES

1 SEPTEMBER

(8^{ste} Eeu)

Daar is eintlik min bekend oor dié gewilde Middeleeuse heilige. Hy was waarskynlik die ab van 'n Benediktyse klooster aan die Rhône-rivier in Frankryk waar die huidige dorp Saint-Gilles geleë is. Hy het glo ook jarelank as 'n kluisenaar in die woud geleef waar hy 'n takbok as troeteldier aangehou het. Op 'n dag het die koning gaan jag en op die takbok se spoor afgekom; hy het 'n pyl in die rugte ingeskiet en toe vind hy dat hy vir Giles gewond het wat sy troeteldier probeer beskerm het. Hy word vereer as die beskermheilige van kreupeles, bedelaars en ystersmede.

